PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

22 April 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

Oggenddiens	***Lof-en Aanbiddingsdiens***	***Aanddiens***
09:00	***17:00***	***18:30***
dr. Braam Krüger	*dr. Braam Krüger*	*ds. Alwyn Tredoux*
Skrifgedeelte: 1 Tim. 4:6-16, Flp. 2: 12-18 *Fokusvers: 1 Tim. 4:7b* *Tema: Dissipline? Ja, geloofsdissipline!* *Reeks: Tema 3, Week 2*	*Skrifgedeelte: Gal. 2:15-21* *Fokusvers: Gal 2:16* *Tema: Ons kan nie na God toe opklim nie, Hy kom af na ons toe!*	*Skrifgedeelte: Matt. 16* *Fokusvers: Matt 16:15* *Tema: Vlees en bloed het nie aan jou geopenbaar nie...*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

MEEGEVOEL:

♥ *Ons innige meegevoel gaan uit na die Bolt– gesin. Broeder Evert Bolt se pa, br. Evert Bolt (snr.), is Vrydag middag oorlede aan 'n hartaanval in Belfast. Mag die Here Sy* vertroostende Hand oor hulle hou.

VOORBIDDING:

♥ *Lidmate wat tans kankerbehandeling ontvang: Hanlie Buys, Hettie Viljoen, Erika Buma, Corrie Deenick.*
♥ *Die volgende lidmate ly aan verswakte gesondheid: Jan Bakker, Susan Botha, Drienie Roselt, Louis Buys Anna Charslund en oom Chris Nothnagel.*
♥ *Klein Ruben Coetzee is in die hospitaal met longprobleme.*
♥ *Riana van der Linde was vir 'n EKG en ander toetse ondergaan en ontvang behandeling vir diabetes.*

Ons dink aan hierdie lidmate en hul families in ons gebede en dra hulle aan die Here op.

GELUKWENSING:

♦ *Baie geluk aan Emil Louw met die bevordering tot brigadier by die SAPD.*

GEMEENTE-NUUS:

- *Chris van Krieken ontvang vandag losmaking uit die amp as wyksleier. Baie dankie vir jou toegewydheid*
- *Sarel du Plessis word vandag bevestig as wyksleier. Baie sterkte en seën met die werk wat voorlê.*

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	Na oggenddiens	Katkisasie gr 1-7	Otto Coetzer
	Na oggenddiens	Pastorale diensgroep inligting	Braam Krüger
	18:00	Katkisasie gr 8-11	Otto Coetzer
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adrie Goede
Dinsdag	09:00	Koördineringsdiensgroep vergadering	Ronel Ritchie

ATTESTAAT-NUUS

- Riaan en Naomi Diedericks en 1 dooplidmaat WC, met bewys van lidmaatskap vertrek na die Hervormde Kerk Benoryn.

DATUMS OM TE ONTHOU!

- Almal wat graag meer inligting wil bekom, of wat betrokke wil raak by die **beradingsdiensgroep**, moet asb. vandag na die oggenddiens in die kerkgebou agterbly.
- Die volgende geleentheid vir "**kom vra jou vrae"** sal DV Maandagaand 7 Mei om 19:00 in die konsistorie plaasvind. Die onderwerp vir die aand is proefbuisbaba's.
- Wyk F28 byeenkoms - Sondag, 6 Mei 2018 direk na die oggenddiens in die kerkgebou. Wyk F28 bestaan uit alle lidmate tussen die ouderdomme van 18 en 25.

ALLE DIENSGROEPLEIERS

BEGROTING 2018/2019

Die Finansiesdiensgroep is besig om die begroting vir die komende finansiële jaar op te stel. Alle diensgroepleiers het per e-pos inligting ontvang .

Deur 'n begrotingsvorm in te stuur sal van groot hulp wees om te kan help bepaal wat die moontlike behoeftes is van elke diensgroep en om daarvoor te kan begroot.

As u egter nog nie inligting ontvang het nie en graag aansoek wil doen kontak asb vir

Evert Bolt 082 446 0794 of

Gusta Botes 083 383 2605

Hierdie inligting moet voor 25 Mei ingehandig wees by die finansiesdiensgroep.

Groete: Finansies en Geboue diensgroep.

DOPPER MANNE
"GAMES NIGHT"

WANNEER: 4 MEI 2018
TYD: 18:30
KOSTES: R100 P.P.
WAAR: By die kerk
WAT JY BRING: Blou tas

WAT EK MOET DOEN AS EK WIL KOM :
Kontak asb vir
Donsie Krüger op 084 627 2393 of
Ina Bolt op 084 339 1136

VERJAARSDAE 22 - 28 April 2018

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 22/04	Petrus Roets	083 378 5222
Maandag 23/04	Andre Krüger	082 457 9746
Dinsdag 24/04	Hendrina Willemse Li-Anne Bezuidenhout	071 074 7224 083 793 2780
Woensdag 25/04	Malanie Hugo	084 818 2896
Donderdag 26/04	Jan Vorster Alicia Pearce Hettie Herbs	082 335 1610 073 005 7992 082 455 8919
Saterdag 28/04	Zanel Haasbroek	074 728 0418

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

HEMELVAARTSDIENS
DONDERDAG 10 MEI 2018
18:30

Met die hemelvaart het Christus die ewige Koningskap opgeneem. *Alle dinge is aan Hom onderwerp, en Hy heers oor elke owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word* (Ef 1:19-23). Alles wat dus op aarde gebeur, staan in die teken van Sy koningskap.

Almal hartlik welkom!

PINKSTERSONDAG
20 MEI
PINKSTERSANGDIENS @ 17:00

Presies 50 dae na Paasfees kom ons by die Pinksterfees. Die Pinksterfees was, soos Paasfees, een van die belangrike feesdae onder die Ou Verbond. "*Sewe weke na Paasfees wanneer julle die fees van die weke tot eer van die Here begin vier en die graanoffer uit die nuwe oes bring, moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees, dan mag julle geen gewone werk doen nie*" (Num 28:26 NAV; Sien ook Lev 23:15-16). Christus het op Paasdag die offer vir ons sondes gebring, en sewe weke later met die Pinksterfees, is die Heilige Gees uitgestort. Maar beide hierdie feesdae onder die Ou Verbond, naamlik Paasfees (Pasga) en Pinksterfees, was profetiese handelinge wat gedui het op die kruisiging van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees.

Wat beteken die uitstorting van die Heilige Gees vir ons? Jesus noem die Heilige Gees die Voorspraak en getuig so van Hom: *Jesus en die Vader sal deur Hom by ons kom woon* (Joh 14:23); *Hy sal vir ons alles leer en herinner wat Jesus gesê het* (Joh 14:26); *Hy sal Jesus se werk voortsit en vir ons help om oor die Waarheid te getuig* (Joh 15:26-27); *Hy sal bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat dié wat nie in Jesus glo nie reeds veroordeel is* (Joh 16:8-11).

Die Heilige Gees is ook ons waarborg dat God sal doen wat Hy aan ons belowe het. Hy sal almal wat aan Hom behoort volkome verlos (Ef 1:14). "*God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang*" (2 Kor 1:21-22).

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 15 April 2018 se antwoord: Handelinge 16:14

" Een van die wat geluister het was 'n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Martie Gibson; Una Steyn; Evert Bolt; Elma Jansen; Chrissie Pretorius; Jan Bakker – Teks?; Jan Lubbe en Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Hulle het geloot, en die loting het vir ??????? aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel. "

Vraag: Wie het Judas Iskariot opgevolg?

Lees gerus Handelinge en noem wie Judas Iskariot opgevolg het en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

OMGEWINGSPITKOS

Omgewingswelvaart is 'n besondere bate wat die mens se gesonde band met sy natuurlike erfenis weerspieël. Iets wesenlik om in jou godsdiens na te streef omdat Christus middelaar van die ganse skepping is (Kol 1 : 16 – 20).

Hierin is die aanleer van selfbeheersing as 'n christelike deug so van belang omdat ons nie daarmee gebore word nie. Dit stuur nie net ons hartstogte langs regte bane nie maar kweek ook 'n lewenstyl van besuiniging soos te kenne is in die natuurskrif om ons. Dit mag nie net 'n skyn van die egte wees nie.

Die lankmoedige is beter as 'n held, en hy wat sy gees beheers as een wat 'n stad inneem (Spr 16 : 32).

GEREFORMEERDE KERK MOOIFONTEIN BIED AAN PALISSANDER 19 MEI 2018 OM 18:00

Konsert ten bate van orrelfonds vir die unieke meganiese orrel met 1106 pype.

EON MALAN - Orrel

Palissander Kamerkoor:

umShimula - Boom van die lewe

Kaartjies: R120, kinders onder 12 gratis

Sop & brood: R15

h/v Oranjerivier - en Bergrivierrylaan, Terenure, Kemptonpark.

Bespreek:

Marleen Cowley 083 454 1485

Nico Grobler: 083 573 9286

MISSION WITHOUT BORDERS SA
SENDING SONDER GRENSE SA

MAAK 'N SKENKING

Die bediening is reeds 55 jaar oud en het voorheen as Underground Evangelism bekend gestaan. SSG bedien in Albanie, Bosnie, Bulgarye, Modawie, Oekraine en Roemenie (voorheen kommunistiese lande). Ons verskaf Christelike literatuur en onderrig en voorsien terselfdetyd in die materiele behoeftes van die armes en behoeftiges. In samewerking met ons Chinese vennote versprei on sook Bybels na Christene in China.

SSG se filosofie is om plaaslike mense te gebruik om hulle eie mense te bereik. Ons gebruik die infrastruktuur wat oor baie jare heen gevestig is om ons bediening in hierdie lande te vergemaklik soos byvoorbeeld 'n sendingsentrum in elke land, mediese klinieke in Albanie en gemeenskapsentrums in samewerking met plaaslike gemeentes in die ses lande waar ons werksaam is.

Elke kantoor (in die borglande en 'veldlande') word jaarliks ge-oudit. In SA word die Johannesburgse ouditeursfirma Anderson, Rochusen, Van der Bijl Ingelyfde Geoktroieerde Rekenmeesters (SA) gebruik.

Sou u enige donasies ens wil maak, kan die gelde in die volgende rekening inbetaal word:

FNB, Irene Tak 250-655

Rek no: 50360051269

Rek: Mission Without Borders

Verwysing: Naam van donateur of die Gemeente

Faks asb inbetaling strokie na: 012 345 1524 of epos na jdekock@mwbi.org.

KOLLEKTES

Kollektes van 15 April 2018

Diens van Barmhartigheid :	R 7219
Mukhanyo Kollege	R 3058
Jeugfonds	R 274

Vandag:

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: GKSA Sustentasiefonds

DOEL: Om kerke wat nie finansieël onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

Volgende week: Kerklike tydskrifte

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA

TJEK REK - 220 340 333

VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

GKSA Sustentasie